Titel: Die Groter Belofte
Pastoor: Fred May
Datum: 28 September 2008
Time: 09h00

Jona 3:2-5
2 Maak jou klaar, gaan heen na die groot stad Ninevé, en verkondig daar die boodskap wat Ek jou sal sê. 3 Toe maak Jona hom klaar en gaan na Ninevé volgens die woord van die HERE. En Ninevé was ‘n ontsaglike groot stad, drie dagreise te voet. 4 En Jona het begin met een dagreis ver die stad in te gaan en het gepreek en gesê: Nog veertig dae, dan word Ninevé verwoes. 5 En die manne van Ninevé het God geglo en ‘n vasdag uitgeroep, en groot en klein het hulle met rougewaad beklee.

A. Ewigdurende beweging

Kom – die oproep

Lukas 9:23-24
23 En Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg. 24 Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, hy sal dit red.

Gaan – die opdrag (Mattheus 18:19)

Markus 16:15
15 En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.

B. Dinamiese rus

Mattheus 11:28-29
28 Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. 29 Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele;

Stadiums van rus:

Mattheus 10:1, 3, 8
1 En Hy het sy twaalf dissipels na Hom geroep en aan hulle mag gegee oor onreine geeste, om hulle uit te dryf en om elke siekte en elke kwaal te genees.

- Aangewys – opgelei en voorberei
- Mandaat gegee vir spesifieke area, aksie, strategie, doelwitte

3 Filippus en Bartholoméüs; Thomas en Matthéüs, die tollenaar; Jakobus, die seun van Alféüs, en Lebbéüs wat genoem word Thaddéüs;

- Opdrag gegee – toegerus met die Lam se krag / selfbeheersing (Openbaring 12:11)

8 Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee.

- Ontvang – in antwoord op voorbereide grond

C. Groter werke van getuienis

Johannes 14:12
12 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan.